NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning**

    5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.

    5.2 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
| --- | --- |
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2021

***ASEM –*** Jan Vermeulen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Asem*.

**VRAAG 1 MANLIKE ROLMODELLE IN BARRIES SE LEWE**

1.1

> Hy dagdroom gereeld oor die dag wanneer hy gaan wraak neem.

[Flapomslag]

1.1.1 Paul was beslis nie 'n goeie rolmodel vir Barries toe hy klein was nie. Beskryf kortliks hoe Barries aan die begin van die verhaal wraak (*revenge*) op Paul wou neem. (1)

1.1.2 Verduidelik waarom Barries wraak op Paul wou neem. (1)

1.1.3 Verduidelik hoe Butcher vir Barries gehelp het om wraak op Paul te neem. (1)

1.1.4 Op watter TWEE maniere het Butcher ook wraak op Barries geneem. (2)

1.1.5 Wat was die resultate/gevolge van Butcher se wraak op Barries se lewe? (2)

1.2

> En skielik het hy geen keuse nie. As hy uit die tronk wil bly, moet hy ses weke lank op 'n plaas gaan bly, naby 'n kusdorpie in die middel van nêrens.
>
> By sy pa.

[Flapomslag]

1.2.1 Waarom wou Charles de Kock hê dat Barries na sy pa toe moet gaan? (1)

1.2.2 Het Charles de Kock gedink dat Barries 'n goeie invloed op sy seuns se lewens gehad het? Motiveer jou antwoord. (1)

1.2.3 Waarom het Kaptein Mafeka ingestem dat Barries vir ses weke na sy pa toe moet gaan? (1)

1.3

> Stef Jonker. Hoe dronker hoe bevonker.

[bl. 64]

1.3.1 Wie is Stef Jonker en waarom bly hy op Seeplaas? (2)

1.3.2 Waarom dink jy kan Stef as 'n slegte rolmodel gesien word? (1)

1.4 Op watter manier het dr. Jassie du Toit vir Barries dankie gesê vir al sy moeite met Jona/Bart? (1)

1.5

> "Jy is 'n paar jaar te laat. Ek het klaar iemand anders gebel." Barries wil die deur toestoot, maar Paul gryp dit vas.

[bl. 251]

Wat het Paul aan die einde van die verhaal vir Barries gedoen wat aandui dat hy Barries wil help? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 2 VROUE IN BARRIES SE LEWE

2.1 Barries was reeds vyf jaar oud toe dit uitgekom het dat Paul nie Barries se biologiese pa was nie.

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor Barries se ma en hoe haar besluite Barries se lewe beïnvloed het.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Hoe het Vera met Barries swanger geraak? (1)
- Waarom het Vera nie vir Paul die waarheid oor Barries vertel nie? (2)
- Gee TWEE redes waarom Barries en sy ma op sy 17de verjaarsdag 'n slegte verhouding het. (2)
- Wat het net voor Kersfees met Vera gebeur en hoe reageer Barries daarop? (2)
- Hoe het bogenoemde negatiewe gebeure 'n positiewe uitwerking op Barries se lewe gehad? (1)

2.2 In die verhaal lees ons van vier vroue wat Barries se lewe positief en negatief beïnvloed het.

2.2.1 Watter rol het Lizette in Barries se lewe gespeel? (1)

2.2.2 Hoe het Sersant Nico Schreuder vir Barries gehelp om nie tronk toe te gaan nie? (1)

2.2.3 Waarom gaan Olga spesifiek na Barries-hulle se woonstel in Johannesburg toe? (1)

2.2.4 Wat doen Eunicé du Toit gereeld nadat hulle Jona/Bart op Seeplaas kom haal het? (1)

2.3

> Hy draai verbaas na haar. Eers dan herken hy haar. Suster Kapoor. Hy voel 'n ysige gloed teen sy gesig afloop.
>
> Sy raak aan sy arm. "Sersant Schreuder het my laat weet jy wil graag met my praat, maar toe jy vroeër hier was, het ek weggekruip."

[bl. 246]

2.3.1 Verduidelik waarom Suster Kapoor rede gehad het om Barries te haat (*hate*)? (2)

2.3.2 Watter raad (*advice*) gee Suster Kapoor aan Barries? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3

> Hy lyk jonger met sy blinkgeskeerde kop. Nico Malan Hoër duld nie dreadlocks nie, maar die skool- en koshuislewe het hom die laaste paar maande goed gedoen. Dit het hulle altwee baie goed gedoen.

[bl. 256]

Barries en Fillie sit een aand in hulle koshuiskamer en gesels.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries en Fillie.** Skryf slegs die **vraagnommer en Barries se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Fillie: Dit voel nog steeds so onwerklik om saam met jou op skool te wees. Die afgelope paar maande vandat jy Seeplaas toe gekom het, voel soos 'n droom.

Jy praat nooit oor jou vriende van Johannesburg nie. Waarom is julle nie meer vriende nie?

Barries: … (2)

3.2 Fillie: Jy het vroeër vertel dat die hofsaak al verby is. Hoe het die hof Theo vir die ongeluk gestraf?

Barries: … (2)

3.3 Fillie: Jy is gelukkig om 'n nuwe lewe te kon begin. Een van jou "beste" nuwe vriende is seker Jona. Ek verstaan nie hoe Jona in die see beland het nie. Wat het Eunicé jou vertel?

Barries: … (1)

3.4 Fillie: Wie het jou gered toe jy amper die aand verdrink het en hoe het hy geweet waar om te soek?

Barries: … (2)

3.5 Fillie: Ek het gehoor dat jy jou goed verkoop het om vir Jona se behandeling te betaal. Wat is fout met Jona?

Barries: … (1)

3.6 Fillie: Jy leer ook nie jou les as dit by vriende kom nie. Ek het jou gewaarsku teen Olga. Waarom het jy op Kersoggend na Olga-hulle se huis toe gegaan?

Barries: … (1)

IEB Copyright © 2021 

3.7 Fillie: Hoe het Stef geweet dat jy in die bed was?

Barries: … (1)

3.8 Fillie: Hoekom het die sersant jou gebel?

Barries: … (1)

3.9 Fillie: Hoe het jy terug in Johannesburg gekom?

Barries: … (1)

3.10 Fillie: Maar Olga het ook in Johannesburg opgedaag. Hoe het sy geweet waar om jou te kry?

Barries: … (1)

3.11 Flillie: Hoe het jy geweet dat die selfoon wat Olga in die snippermandjie weggegooi het, jou ma se selfoon was?

Barries: … (1)

3.12 Fillie: Ek is bly Butcher is vas en Olga is weg. Ek moet om verskoning vra dat ek jou ook amper bedrieg het.

Die dag toe die Du Toits vir Jona kom haal het, wou ek hom net wegsteek. Hoekom klink dit nou vir my of jy Jona nie mis nie?

Barries: … (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 4 LEWENSFASES IN BARRIES SE JONG LEWE

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die verskillende fases in Barries se lewe wat bygedra het tot sy emosionele verval** (*demise*) **en emosionele groei.**

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

**2. Barries se lewe vanaf baba**
- Noem TWEE dinge wat Paul uit liefde vir Barries as jong baba gedoen het. (2)
- Noem EEN moontlike rede waarom Paul vroeër vir Barries mishandel het. (1)
- Wat het Paul gedoen om Barries se biologiese pa te vind? (1)
- Waarom het Paul Barries se biologiese pa in die kroeg geslaan? (1)
- Wat het hierna met die man gebeur? (1)
- Op watter TWEE maniere word Paul vir sy optrede gestraf? (2)

**3. Barries as tiener**
- Hoe voel Barries aan die begin van die verhaal oor sy skoolwerk en sport? (1)
- Dink jy Barries het nog altyd so oor sy skoolwerk/sport gevoel? Motiveer jou antwoord. (1)
- Wat doen Barries om te ontspan in plaas daarvan om sport te doen? (1)
- Wat dink sy ma van wat hy doen en hoe beïnvloed dit sy skoolwerk/sport? (2)
- Hoe beïnvloed dít wat hy doen sy verhouding met sy ma? (1)
- Noem enige ander TWEE **negatiewe gevolge** van dit wat hy doen? (2)

**4. Barries gedurende sy matriekjaar**
- Wie is Barries se nuwe vriend? (1)
- Bespreek die twee vriende se nuwe ervaring wat tot groei lei? (1)
- Hoe het Barries sy nuwe vriendin ontmoet? (1)
- Noem EEN ding wat hulle vriendskap baie spesiaal maak. (1)

5. Slot

Taal en struktuur (5)

**[25]**

**70 punte**

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
   - interpretasie van die opdrag
   - inhoud en idees
   - register en toon
   - taalgebruik

5. **Beplanning**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

   5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

**BEPLANNING**



(linkerkantse bladsy)

**VRAAG**



(regterkantse bladsy)

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 5 TOESPRAAK

**Situasie:**

Alhoewel die afgelope twee jaar uitdagend was, het jy 'n onvergeetlike tyd in die hoërskool gehad. Die skoolhoof het jou gevra om by die 2022 prysuitdeling met die leerlinge te praat. Jou toespraak moet hulle inspireer sodat hulle ook 'n sukses van hulle finale jaar op skool kan maak.

**Opdrag:**

Skryf 'n toespraak van tussen 150 en 220 woorde waarin jy:

- Die leerlinge raad gee oor hoe om hulle **uitdagings te oorkom**;
- Hulle raad gee oor hoe om **vir die eksamen voor te berei**;
- Hulle waarsku oor **moontlike foute** wat matrieks gereeld maak; en
- Hulle **inspireer** om hulle beste te doen.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande aspekte indeel.
- Jou toespraak moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou toespraak moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou toespraak neer.**



[Bron: <https://www.ink.com//brent-gleeson>]

**[20]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6 E-POS

**Situasie:**

Hierdie jaar het jy baie hard gewerk. Tog is jy op soek na 'n deeltydse vakansiewerk. Jy het 'n advertensie op die internet gesien. Skryf 'n kort e-pos waarin jy vir die werk aansoek doen.

**Opdrag:**

In jou e-pos aan die **werkgewer** (*employer*) moet jy die volgende aspekte aanspreek:

- Sê **wie** jy is en **wat** jy beplan om volgende jaar doen;
- Sê **waarom** jy vir die werk aansoek doen; en
- **Vra** meer **inligting** oor die werk.

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat vir jou e-pos gebruik.

| |
|---|
| Aan: ______________________________________________ |
| Onderwerp: _________________________________________ |
| ================================================ |
| Geagte mev. Rakobila (*persoon se van*) |
| |
| Byvoorbaat dank |
| (*Jou naam*) |

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021